# JEUG ALPHA: Sessie 1 – LEWE – Is dit dit?

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. <u>YSBREKER</u>: Truth or Dare

## 3. <u>PROCESS YSBREKER</u>:

- Was die "Truth" vrae maklik of moeilike?
- Was die "Dares" maklik of moeilik?
- Sou jy eerder die "Truth" of die "Dare" wou doen? Hoekom?
- <u>MORAL OF THE STORY</u>: Om in/met die Waarheid te leef, is nie altyd maklik nie, maar die "Dare" is baie moeiliker en goorder – die gevolge van die 'dare' is nie goed nie!

## 4. <u>INLEIDING</u>:

Vanaand gaan ons by die vraag stilstaan – Is there more to life than this? - Is daar meer in/aan die lewe as dit waarmee jy jouself elke dag besig hou? En as jy aanhou om jouself daarmee besig te hou wat gaan die gevolge wees? Ons gaan spesifiek kyk na die teksvers Joh 14:6 – waar Jesus sê: "Ek is die weg (pad), die waarheid en die lewe.

Dis ook waarom ons hierdie ysbreker gedoen het, want ons kon die 'verskil' tussen die 'truth' en die 'dare' sien. En as ons dit geestlik deurtrek – dan is die 'truth' – Jesus – en die 'dare' is die lewe sonder Jesus, waarvan die uiteinde natuurlik die ewige hel is.

## 5. <u>VIDEO CLIP</u>:

**<u>Vrae tydens die video clip</u>**:
(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**<u>Vraag 1</u>**: If you had 24 hours to do anything you wanted, what would you do?
*(As jy 24 uur het om enige iets te doen wat jy wil, wat sal jy doen?)*

**<u>Vraag 2</u>**: What makes you happy?
*(Wat maak jou gelukkig?)*

**<u>Vraag 3</u>**: If it turned out God existed after all, and you could ask one question, what would it be?)
*(Kom ons sê God bestaan wel: As jy Hom EEN vraag kan vra, wat sal dit wees?)*

## <u>Vrae in die groepe</u>: Joh 14:6

1. WAARHEEN is Jesus die pad?
2. Wat en waarvan is Jesus die waarheid?
3. Waarvan sal die Waarheid ons vrymaak?
4. Wat beteken dit as Jesus sê Hy is die Lewe?

## MOONTLIKE ANTWOORDE OP DIE VRAE:

1. **WAARHEEN is Jesus die pad:** Jesus is die pad na ‘n ewige en liefdevolle verhouding met God. ‘n Verhouding wat daai leegheid in ons volmaak, omdat net God dit kan volmaak. Dis ook ‘n pad na aanvaarding deur God.

2. **Wat en waarvan is Jesus die Waarheid?** Jesus is die Waarheid na God toe – die enigste manier om by God uit te kom. Om God op ‘n persoonlike vlak te leer ken, nie net van Hom te WEET nie, maar Hom regtig te leer ken deur ‘n verhouding.

3. **Waarvan sal die Waarheid ons vrymaak?** Dit maak ons vry van die leuens van satan, dit maak ons vry van sonde, diT maak ons vry van die dinge van die wêreld. Dit maak ons vry om in ‘n verhouding met God te kan staan.

4. **Wat beteken dit as Jesus sê Hy is die Lewe**? Jesus is die enigste Een wat werklik lewe kan gee, ‘n lewe wat saakmaak en ‘n lewe wat ‘n doel het. ‘n Lewe sonder skuldgevoelens en minderwaardigheid. ‘n Lewe waar Jesus my vrygemaak het van die straf en die las van sonde.

## 6. <u>SLUIT AF MET DIE VOLGENDE VRAE</u>:

1. Maak dit saak wat ons glo?  (ja, want dit verander jou hele lewe)
2. Is God JOU tyd verwerd?
3. Waarheen is JY oppad?
4. Hoe lyk JOU pad/waarheid/lewe VANDAG – op hierdie oomblik?

## 7. SLUIT AF MET GEBED IN JULLE GROEPE